


# Kan ek 'n Ateïs wees?



As iemand wat in die Bybel glo, het jy oor die jare sekerlik dieselfde probleem as ek teëgekom:

**Hoe om op verwerping te reageer, en hoe om 'n ateïs te antwoord.**

Wanneer jy iemand nader, het jy ooit die antwoord gekry...

***"Jy weet** mos **ek is nie godsdienstig nie!"***





## In die begin: Gods Woord... of die Oerknal? Kies self! 2

### Is jy seker jou 'god' is regtig GOD?

Jou Bybel sê immers mense het talle gode aanbid in die tyd toe dit geskryf is. Die mense het waarskynlik almal geglo hulle 'god' is die ware GOD. Hoe kan jy sê of hulle reg of verkeerd was?

In die tyd toe Jesus geleef het, was daar meer as 1 500 gode! As ek dus in 'n 'god' moet glo, watter een moet ek kies?

**Vraag van 'n ateïs.**







**Daar is drie moontlikhede:**

1. Jy kan **weet en glo** God bestaan;
2. Jy kan **agnosties** wees, wat beteken jy glo dis nie moontlik om te weet of daar 'n God is nie, maar jy kan besluit om uit te vind;
3. Of jy's 'n **ateïs** wat oor "alle kennis beskik"en dus *weet* God bestaan nie. Dis 'n teenstrydige argument wat met sy eie logika bots.







Goed, ek skakel oor, ter wille van ons argument.

Ek het netnou gesê daar's baie gode. Hoe moet ek nou weet watter een is die ware God?

Dis te sê as ek eers in jou God wil glo!



Luister na die Bybel: "As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon." (Hebreërs 11:6)

**Hoekom probeer jy dit nie maar nie? Jy kan immers niks verloor nie!**




**Ons vind die antwoord in die Sabbat;** dis hoe ons weet wie die God van Jakob is. Dis trouens 'n tema wat deurlopend in die Bybel voorkom. Ons weet ons aanbid die **Skepper-God,** want die Bybel hou die **Skepper-God** as die **ware God** voor. Die *handhawing van die Sabbat* en die *rus op die sewende dag* erken God as die **God van die Skepping.**




### Eksodus 31:13:

"Jy moet vir die Israeliete sê: Onderhou my Sabbatte. Dit is van geslag tot geslag 'n teken tussen My en julle, sodat julle kan besef dat **Ek, die Here, julle vir My geheilig het.**"

### Esegiël 20:12:

"Ek het ook vir hulle my Sabbatdae gegee, dit was 'n teken tussen My en hulle. Hulle moes weet dat **Ek, die Here, hulle gekies het om my gewyde volk te wees.**"

### Esegiël 20:20:

"Hou my Sabbatte heilig, sodat hulle die teken kan wees van die verhouding tussen My en julle, **sodat julle kan weet dat Ek, die Here, julle God is**."




Die Bybel noem **drie en twintig** keer dat God die God van die skepping is, of dat Hy die Een is wat alles geskep het.

Openbaring 14:7 maan ons: "Aanbid Hom wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het."

**Weer eens: die Skepper-God!**

**Die antwoord op jou vraag is dus: Die ware God is die 'Skepper-God'.**




"Wel, as julle ouens so doodseker is dat die ware God die Skepper-God is, moet julle mos ewe seker wees dat die Sabbat die ware Sabbat is, dan nie? Hoe nou gemaak met die kalenderwysigings in 46 vC of 1751 nC, toe elf dae uit Septembermaand verwyder is? Wat help dit om streng by die wet te hou as jy die verkeerde Sabbat onderhou?"

Dié wysigings het nie die volgorde van die weeksdae verander nie - die dae het mekaar **net soos altyd** opgevolg. Dink byvoorbeeld aan 'n skrikkeljaar - dit raak die dae nie.

Ons het nie 'n datum vir die Sabbat nodig nie, net die dae se gewone volgorde. Die Sabbat val **altyd** op die sewende dag van die week, presies soos die Bybel sê.

**Ek beklemtoon: Die ware God is die Skepper-God en die God van die Sabbat.**



**Maar nou kom ons by die ateïs se onvermybare dilemma.**



As die ateïs wil beweer God bestaan nie, moet hy self ook 'n paar vrae beantwoord.


**Die Ateïs se Dilemma**

Uit die ateïstiese oogpunt is dit moeilik om te sê reg en verkeerd bestaan. As daar geen God is om wette te maak nie, wie bepaal wat reg en verkeerd is? Jy sê jy probeer doen wat reg is - maar volgens wie se reëls? Hoe kan jy seker wees jou persoonlike aanvoeling vir reg en verkeerd is absoluut? **Sonder 'n gegewe morele wet kan daar geen objektiewe moraliteit bestaan nie.**

**Ware Moraliteit**

Derhalwe, as God nie bestaan nie, het ons geen klinkklare morele basis soos wat die Tien Gebooie bied nie. Wat dan? Suig ons morele reëls uit ons duime? Pleks hiervan bied ek 'n **gesonde grondslag vir goeie morele waardes**. Hierdie waardes is nie mensgemaak nie; hulle kom voor in die **ware morele wet** - die Tien Gebooie - en bestaan deurdat ons die Skepper-God eerbiedig deur die Sabbatsrus te onderhou. **'n Ordelike, harmonieuse lewenswyse!**






*Einstein, die grootste fisikus van die 20e eeu, het in God geglo en dit dikwels gesê.*

*Ek vat dit dus as volg saam:*

- Die **ware God**, geëien as die **Skepper-God**.
- Die **Morele Wet,** soos in die **Tien Gebooie** uiteengesit.
- Die **ware Sabbat,** altyd die **sewende dag**, ongeag die datum.
- **Diegene wat in die Bybel glo,** geëien as hulle wat die **sewende dag** as die **rusdag vir die Skepper-God** onderhou.




### Here, asseblief:

*Begeester my dat ek u Woord, die bron van alle waarheid, sal bestudeer, en dat ek nie op my eie begrip staatmaak nie, maar U in al my weë erken.*

*Maak my weg reguit. - Amen*

**Dis vir my onsinnig om 'n ateïs te wees. Dit bied niks en lei nêrens.**



**Beste Leser: Dié bladjie is 'n voorsmaak van "Die Waarheid". Ons raai jou aan om jou Bybel te lees en dit vir jouself te ontdek!**

*Kontak:*

**Pieter Gey van Pittius**

Whatsapp +277 809 3995

e-pos: gvp.pieter@gmail.com

Bladjie © George Ross